**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# TOERISME MEMORANDUM

**PUNTE: 200**

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C ✓ | Mapungubwe Kulturele Landskap | | |
| | 1.1.2 | A ✓ | Geelkoors | | |
| | 1.1.3 | B ✓ | TGCSA | | |
| | 1.1.4 | C ✓ | belastingvry goedere. | | |
| | 1.1.5 | D ✓ | Rusland | | |
| | 1.1.6 | B ✓ | IBP | | |
| | 1.1.7 | A ✓ | Portugal | | |
| | 1.1.8 | C ✓ | Vertroue | | |
| | 1.1.9 | C ✓ | totale hoeveelheid inkomende reisigers na die land. | | |
| | 1.1.10 | D ✓ | www.sars.gov.za | | |
| | 1.1.11 | A ✓ | Ebola | | |
| | 1.1.12 | B ✓ | die vermenigvuldiger-effek | | |
| | 1.1.13 | D ✓ | *Lilizela*-toekennings | | |
| | 1.1.14 | D ✓ | bankaankoopkoers | | |
| | 1.1.15 | B ✓ | Kom ooreen oor 'n plan van aksie en loods die intervensieproses | | |
| | 1.1.16 | A ✓ | 19:00 | | |
| | 1.1.17 | A ✓ | Venesië | | |
| | 1.1.18 | C ✓ | Tipe voertuig wat die ontvangspersoon bestuur | | |
| | 1.1.19 | A ✓ | beraad | | |
| | 1.1.20 | B ✓ | Reiskliniek | (20 × 1) | (20) |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | begroting ✓ | | |
| | 1.2.2 | roete beplanning ✓ | | |
| | 1.2.3 | dag-vir-dag reisplan ✓ | | |
| | 1.2.4 | toeristeprofiel ✓ | | |
| | 1.2.5 | pakkettoer ✓ | (5 × 1) | (5) |
| 1.3 | 1.3.1 | Demokratiese Republiek van die Kongo ✓ | | |
| | 1.3.2 | Bilharzia ✓ | | |
| | 1.3.3 | maksi-toeristepaspoort ✓ | | |
| | 1.3.4 | omgewings ✓ | | |
| | 1.3.5 | plaaslike verkryging ✓ | (5 × 1) | (5) |
| 1.4 | 1.4.1 | D ✓ | | |
| | 1.4.2 | A ✓ | | |
| | 1.4.3 | E ✓ | | |
| | 1.4.4 | C ✓ | | |
| | 1.4.5 | B ✓ | (5 × 1) | (5) |
| 1.5 | 1.5.1 | Internetbetaling/kredietkaart/debietkaart ✓ | | |
| | 1.5.2 | EFO/Elektroniese fondsoorplasing ✓ | | |
| | 1.5.3 | Kontant ✓ | | |
| | 1.5.4 | Kredietkaart ✓ | | |
| | 1.5.5 | Voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaart/Kontantpaspoort (*Cash Passport*)/Travel Wallet/Internasionale Reiskaart ✓ OF Kontant | (5 × 1) | (5) |

**TOTAAL AFDELING A: 40**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 2.1.1 Johannesburg +2
Washington -5 (+1 ✓ uur DBT) = -4
Tydsverskil: 6 ure ✓
Tyd in Jhb: 18:45 – ✓ 6 ure = 12:45 ✓
12:45 + ✓ 17h40m = 29:85 – 24:00 = 5:85 = 06:25 ✓ op Sat, 5 November ✓

OF

06:25 ✓✓✓✓✓✓ op Sat, 5 November ✓ (7)

2.1.2 Washington -5
South Africa +2
Tydsverskil : 7 ure ✓
Tyd in Washington 10:30 +✓ 7 ure = 17:30 ✓ op 14 November ✓

OF

17:30 ✓✓✓ op 14 November ✓ (4)

2.1.3
- Meer dagligure kan lei tot verhoogde produktiwiteit. Besighede het meer dagligure om al hulle take te verrig. ✓
- DBT lei tot meer tyd vir ontspanning. Toeriste kan meer aktiwiteite geniet wat in dagligure plaasvind. ✓ (2 × 1) (2)

2.1.4
- Hy moet genoeg rus voor sy vertrek. ✓✓
- Hy moet vloeistowwe drink tydens die vlug (veral water) maar nie te veel alkohol nie. ✓✓
- Hy moet probeer om genoeg rus te kry tydens die vlug, oogklappe, oorpluisies, nek- en opblaaskussings is nuttig.
- Hy behoort oefening te doen deur op en af te stap in die gang, vir ŉ ruk te staan en strekoefeninge te doen (Enige 2 × 2) (4)

2.1.5 (a) Departement van Binnelandse Sake ✓ (1)

(b) ŉ Visum is ŉ endossement of stempel in die aansoeker se paspoort wat aan die reisiger verlof gee om na die land te reis, die land binne te gaan, deur die land te reis of in die land te bly. ✓✓ (2)

(c)
- Om bewys te lewer dat die reisiger in diens geneem is as ŉ joernalis ✓✓
- As bevestiging dat die reisiger na sy/haar werksplek gaan terugkeer na die reis. (Enige 2 × 1) (2)

2.1.6 Hy moet die groenkanaal kies omdat hy niks het om te verklaar nie/hy het niks by hom wat hy moet verklaar nie. ✓✓ (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 2.2.1 **Toer A:**

- Avontuurtoeris: ✓ die pakket bied geleenthede vir die toeris om deel te neem aan avontuuraktiwiteite soos stap, sonsondergang roei, kanovaart, rots- en see hengel, swem in die oseaan en geleenthede vir snorkelduik. ✓
- Ontspanningstoeris: die pakket bied geleenthede vir die toeris om te ontspan en ontspanningsaktiwiteite te geniet.
- Natuurliefhebber/Eko-toeris: die pakket bied geleenthede vir die toeris om natuur- en die buitelewe te geniet. (Enige 2 × 1) (2)

**Toer B:**

- Toeris wat in fotografie belangstel: ✓ die pakket bied geleenthede vir die toeris om foto's te neem. ✓
- Ontspanningstoeris: die pakket bied geleenthede vir die toeris om te ontspan en ontspanningsaktiwiteite te geniet.
- Natuurliefhebber/Eko-toeris: die pakket bied geleenthede vir die toeris om natuur en die buitelewe te geniet. (Enige 2 × 1) (2) (4)

2.2.2

- Vra raad van 'n betroubare bron oor watter gebiede vermy moet word. ✓✓
- Moenie sigbare juweliersware dra nie, ook nie kameras en sakke oor jou skouer nie.
- Hou alle selfone en beursies buite sig.
- Dra waardevolle items in 'n sak of geldsakkie wat onder klere gedra kan word.
- Moenie na afgeleë plekke gaan nie.
- Wees versigtig met die gebruik van OTM-masjiene, moet nie hulp aanvaar van vreemdelinge nie.
- Rapporteer gesteelde of verlore kredietkaarte of bankkaarte onmiddellik.
- Maak seker dat jy self verantwoordelikheid neem vir jou eie bagasie.

(Enige 1 × 2) (2)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1 (a)
- Hulle kan hulle ZAR by 'n kommersiële bank omruil ✓✓
- Buitelandse valutaburo (2)

(b) R15 000 ÷ ✓ 16,65 ✓ = € 900,90 ✓ OF € 900,90 ✓✓✓ (3)

3.1.2 USD/US$150 × ✓ 14,83 ✓ = R2 224,50 ✓ OF R2 224,50 ✓✓✓ (3)

3.1.3 Die meeste waarde vir geld bestemming sal die VSA wees omdat Mnr. en Mev. Mahoney die meeste buitelandse valuta vir hulle ZAR kry as hulle die VSA sou besoek. ✓✓ (1 × 2) (2)

3.1.4
- Die geld wat spandeer word gedurende Mnr. en Mev. Mahoney se vakansie sal 'n bydrae lewer tot die ekonomie van die bestemming wat hulle besoek deur 'n inkomste te genereer vir toerisme produkeienaars en diensverskaffers. ✓✓
- Die vermenigvuldiger effek sal in werking tree en daardeur sal die geld wat gegenereer word deursyfer na lede van die plaaslike bevolking in die gebied wat hulle besoek. ✓✓
- Verhoogde bydrae van toerisme tot die BBP
- Werkskepping
- Vermindering van werkloosheid
- Verhoging in buitelandse valuta
- Lewenstandaarde sal verhoog word deur geld wat direk of indirek verdien word deur toerisme
- Generering van winste (Enige 2 × 2) (4)

3.2
- Inkomende toerisme van die VSA
  - As gevolg van die verhoogde waarde van die dollar in vergelyking tot die rand sal Suid-Afrika 'n goedkoop, waarde vir geld bestemming wees vir Amerikaanse burgers. ✓✓
  - Inkomende toerisme van die VSA sal toeneem omdat VSA burgers meer rand vir hulle dollar sal ontvang. ✓✓
  - Toeriste wat Suid-Afrika besoek sal meer geld hê om te spandeer terwyl hulle in die land is. (Enige 2 × 2) (4)
- Suid-Afrikaanse uitgaande toerisme na die VSA
  - As gevolg van 'n afname in die waarde van die rand in verhouding tot die VS dollar sal minder Suid-Afrikaners kan bekostig om na die VSA te reis. ✓✓
  - Uitgaande toerisme na die VSA deur Suid-Afrikaners sal afneem.

(Enige 1 × 2) (2) (6)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: TOERISME ATTRAKSIES; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 A – Taj Mahal ✓✓
B – Berg Everest ✓✓
C – Die Groot Muur van China ✓✓
D – Drywende markte ✓✓ (8)

4.1.2 Agra ✓ (1)

4.1.3
- Dit is die wêreld se langste geboude muur. ✓✓
- Dit is die langste mensgemaakte verdedigingstruktuur.
- Die muur is 'n demonstrasie van antieke Chinese vasberadenheid en ingenieursvaardighede.
- Die muur is tussen die 5^de^ eeu VC en die 16^de^ eeu NC gebou.
- Die oorspronklike muur het meer as 8 850 km gestrek oor noordelike China, oor berge, woestyne en grasvlaktes.
- Die muur bestaan uit verskillende afdelings soos beskermde dorpe, kastele, tempels, militêre basisse, bergpasse, vesting stede, stadsmure, uitkyktorings en muurtorings. (Enige 1 × 2) (2)

4.1.4
- Berg Everest is die grootste uitdaging vir bergklimmers aangesien dit die hoogste berg in die wêreld is. ✓✓
- Dit neem twee maande om die toppunt van Berg Everest te bereik omdat die bergklimmers se liggame tyd benodig om by die hoogte aan te pas.
- By die toppunt moet bergklimmers temperature wat altyd onder vriespunt is verduur.
- By die toppunt moet bergklimmers orkaansterkte winde verduur.
- Bergklimmers staan gevaar om siek te word as gevolg van die hoogte en koue weer.
- Bergklimmers is in gevaar om te gly, val en vriesbrand te kry.
- Bergklimmers benodig gespesialiseerde toerusting om Berg Everest uit te klim.

*Aanvaar enige gepaste voorbeelde wat die element van risiko's aandui.*
(Enige 1 × 2) (2)

4.1.5
- Die kleurvolle en lewendige drywende markte bied baie geleenthede om foto's te neem ✓✓
- Die drywende markte is die bestemming in Thailand wat die meeste afgeneem word.

*Aanvaar enige gepaste voorbeelde van fotografie geleenthede by die drywende markte bv. Toeriste kan foto's neem van handelaars in klein bote wat gevul is met tropiese vrugte, blomme en groente.* (Enige 1 × 2) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 4.2.1 "die welsyn van kinders waarvan daar verwag word om aandenkings en donkieritte te verkoop ten koste van hulle skoolloopbane" ✓✓ (2)

4.2.2
- Moet nie gebruik maak van swak of beseerde diere om toeriste te vervoer nie. ✓✓
- Maak seker dat die diere voldoende gevoed is en water gekry het.
- Laat die diere gereeld deur ŉ veearts ondersoek word.
- Moenie die diere oorlaai nie.
- Moenie toelaat dat oorgewig mense op die diere ry nie. (Enige 1 × 2) (2)

4.2.3
- Om nie items by kinders te koop nie of vir hulle geld te gee nie aangesien dit hulle aanmoedig om uit die skool te bly. ✓✓
- Moenie beseerde of swak diere gebruik om by die terrein te reis, sodoende word daar verhoed dat diere ly. ✓✓
- Om eerder die monumente te voet te besigtig. ✓✓
- Om nie op die monumente te staan of klim nie.
- Om nie stukkies rots of oudhede te koop wat onwettig verkoop word nie.
- Koop slegs items van wettige aandenkingswinkels. (Enige 3 × 2) (6)

4.3 4.3.1
- Slegte weersomstandighede kan lei tot die tydelike sluiting van ritte ✓
- Elektriese storms
- Reën
- Sterk winde (Enige 1 × 1) (1)

4.3.2
- Mense word aangemoedig om by die nuwe *Ratanga Membership Club*, wat voordele bied vir gereelde besoekers, aan te sluit. ✓✓
- Die bestuur bied ongelooflike afslag en voordele vir groepe van 20 of meer mense aan wat bespreek en voor die tyd betaal vir hulle besoek.

(Enige 1 × 2) (2)

4.3.3
- ŉ Verskeidenheid restaurante, kitskosplekke, winkels en filmteaters te begin. ✓✓
- Verkoop *Ratanga Junction* goedere bv. T-hemde, koffiebekers, speelgoed en sleutelhouers.
- Meer ritte te hê.
- Verkoop amptelike foto's wat geneem is van die besoekers op die ritte.

(Enige 1 × 2) (2)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5**

5.1 Robben-eiland ✓ (1)

5.2 Weskaap ✓ (1)

5.3
- Dit is ŉ plek met uitstaande natuurlike, kulturele of historiese waarde en het internasionale erkenning van UNESCO ontvang. ✓✓
- Dit is ŉ plek wat aan ten minste een van UNESCO se tien seleksiekriteria voldoen.

(Enige 1 × 2) (2)

5.4
- Geboue op Robben-eiland is hartroerende bewyse van ons geskiedenis. ✓✓
- Robben-eiland en die tronkgeboue is ŉ simbool van vryheid van verdrukking en demokrasie. ✓✓
- Geboue op Robben-eiland is op verskillende tye tussen die 17de en 20ste eeu as ŉ tronk, ŉ hospitaal vir sosiaal onaanvaarbare groepe en ŉ militêre basis gebruik.
- Tronk waar Nelson Mandela vir 20 jaar aangehou was.

*Geen punte vir direkte aanhalings uit die stuk tensy dit nie gestaaf word nie.*

(Enige 2 × 2) (4)

5.5
- Die terrein ontvang nasionale en internasionale erkenning wat tot verhoogde besoekersgetalle sal lei. ✓✓
- Verhoogde besoekersgetalle lei tot werkskepping in toerisme besighede.
- Toerisme sal ŉ inkomste genereer as gevolg van ŉ aanvraag vir produkte en dienste bv. verblyf, vervoer, toegangsgelde, kos, drinkgoed, ens.
- Verhoogde toeriste getalle sal die vermenigvuldigereffek in werking stel.

(Enige 1 × 2) (2)
**[10]**

**VRAAG 6**

6.1
- Skep ŉ bewustheid van Suid-Afrika as ŉ toeristebestemming ✓✓
- Skep ŉ positiewe beeld van Suid-Afrika ✓✓
- Verhoog die waarskynlikheid dat Suid-Afrika as ŉ voorkeur bestemming oorweeg sal word ✓✓

(3 × 2) (6)

6.2
- Skep geleenthede vir netwerk asook geleenthede vir handeldryf ✓✓
- Stel Suid-Afrika as ŉ voorkeurbestemming bloot ✓✓
- Beter ontwikkeling van produkte.

(Enige 2 × 2) (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING D: TOERISME SEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7

7.1 Ontvangspersoon A straal nie 'n positiewe beeld uit nie. Sy lyk kwaad en is besig om te skree. ✓✓
Ontvangspersoon B straal 'n positiewe beeld uit. Sy is goed versorg en vriendelik. ✓✓
'n Positiewe beeld verseker dat die gaste 'n positiewe beeld/indruk het van die gasvryheidsbedryf. (Enige 2 × 2) (4)

7.2 7.2.1
- Werksure ✓
- Uniformtoelae ✓
- Verlof voordele
- Pligte
- Byvoordele
- Aftrekkings
- Professionele aanspreeklikheid en verantwoordelikheid
- Name van die werkgewer en werknemer
- Volle titel van werk en aanvangsdatum van werk (Enige 2 × 1) (2)

7.2.2
- 'n Dienskontrak beskerm die werknemer in die werksplek ✓✓
- 'n Dienskontrak omskryf al die voorwaardes waaronder die werknemer in diens geneem word
- Dit verduidelik presies wat van die werknemer verwag word in die werksplek
- 'n Kontrak verduidelik die pligte van die werknemer, die werksure, uniformtoelaes, voordele, besoldiging, verlof voordele, ens.
- 'n Kontrak verseker dat daar geen misverstand is tussen die werknemer en werkgewer met betrekking tot sake aangaande die indiensneming nie (Enige 1 × 2) (2)

7.2.3
- 'n Gedragskode verduidelik die verwagte optrede van personeel met die uitvoer van hulle take en riglyne vir werknemers aangaande etiese optrede in die werksplek. ✓✓
- 'n Gedragskode lei werknemers in die werksplek met betrekking tot hulle gedrag.
- Dit lei werknemers oor etiese sake in die werksplek.
- Dit help om 'n atmosfeer van samewerking in die werksplek te skep.
- Dit bevorder integriteit in die werksplek.
- Dit beskerm besighede van regsgedinge.
- Dit erken alternatiewe kulturele praktyke.
- Skryf voor hoe personeel behoort by die werk behoort op te tree.
- Moedig werknemers aan om verantwoordelik op te tree. (Enige 1 × 2) (2)

**[10]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 8

8.1 8.1.1 **Maatskaplike pilaar**

- Die maatskappye werk nou saam met *Dibanisa Football Foundation* wat 'n gereelde leerprogram vir die jeug in die Gansbaaigebied koördineer. ✓✓
- Die maatskappye ondersteun Eko-Skole. (Enige 1 × 2) (2)

8.1.2 **Omgewingspilaar**

- Die maatskappye bedryf 'n Afrika Pikkewyn en Seevoëlreservaat, hulle doen navorsing oor die Witdoodshaai en die bewaring daarvan en bedryf 'n projek waarvan die klem op verwydering van vislyn wat skade aan seediere kan rig fokus. ✓✓
- Hulle ondersteun ook Omgewingsopvoeding deur Eko-Skole te ondersteun. (Enige 1 × 2) (2)

8.2

- Die maatskappye lok toeriste wat geld in die plaaslike gemeenskap spandeer en daardeur 'n inkomste genereer vir die plaaslike bevolking. ✓✓
- Werkskepping vir die plaaslike gemeenskap (Enige 1 × 2) (2)

8.3 8.3.1

- Regverdige Handel (*Fair Trade*) in Toerisme verseker dat die mense wie se grond, natuurlike hulpbronne, arbeid, kennis en kultuur gebruik word vir toerismedoeleindes werklik baat vind by toerisme. ✓✓
- Regverdige Handel in Toerisme Organisasie verseker dat hulle lede volhoubare toerismebeginsels toepas en daardeur hou hulle by die drie pilare van volhoubare toerisme, ook bekend as die driedubbele slotreëlbenadering. ✓✓ (2 × 2) (4)

8.3.2 'n Besigheid wat Regverdige Handel gesertifiseer is sal omgewingsbewuste toeriste lok aangesien sulke toeriste geneig sal wees om besighede te ondersteun wat die omgewing beskerm. ✓✓ (2)

8.4 8.4.1 KBM is die ondersteuning wat besighede bied aan gemeenskappe waarin hulle handel. Die ondersteuning kan finansieel van aard wees of nie-finansieel. ✓✓ (2)

8.4.2 Deur *Dyer Island Conservation Trust* te ondersteun kan VWSA bevoordeel word deur positiewe mondelinge advertering wat sodoende 'n positiewe beeld van die besigheid kan skep tussen omgewingsbewuste mense. ✓✓ (2)

8.5

- Beoefen goeie hulpbronbestuur deur water en energiebesparing. ✓✓
- Beoefen goeie afvalbestuur deur hergebruik, vermindering en herwinning. ✓✓
- Moedig rommelbeheer aan.
- Bevorder inheemse plantegroei. (Enige 2 × 2) (4)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**VRAAG 9**

9.1 9.1.1 Terrorisme ✓✓ (2)

9.1.2 (a)
- Toeroperateurs het finansiële verliese gely as gevolg van besprekings wat gekanselleer is ✓✓
- Toeroperateurs moes noodreisreëlings tref vir toeriste wat nie veilig in Parys gevoel het nie
- Toeroperateurs het nie nuwe besprekings gekry nie as gevolg van bekommernisse van reisigers oor sekuriteit (Enige 1 × 2) (2)

(b) Die Eiffeltoring was gedwing om te sluit en het finansiële verliese gely ✓✓ (2)

(c)
- Sekuriteitsmaatreëls by poorte moes versterk geword het as gevolg van bekommernisse daaroor ✓✓
- Addisionele sekuriteitsmaatreëls by poorte het gelei tot vertragings (Enige 1 × 2) (2)

9.1.3
- Toeriste sal terugkeer sodra die Franse regering hulle veiligheid kan verseker. ✓✓
- Toeriste sal terugkeer na Parys, die gewildste stad in die wêreld onder internasionale reisigers, sodra kalmte herstel word.
- Na 'n ruk sal reisigers hierdie insident agter hulle sit en na Parys terugkeer. (Enige 1 × 2) (2)

9.2 9.2.1 (a) Europa ✓ (1)

(b)
- Vrese oor die uitbreek van Ebola in Wes-Afrika ✓✓
- Die inbring van strenger visumvereistes
- Die inbring van addisionele reisvoorwaardes vir minderjariges
- Bekommernisse oor veiligheid en xenofobie
- Ekonomiese resessie (Enige 1 × 2) (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.2.2 (a) Landreismarkte is lande waar ten minste 60% van inkomende toeriste deur land die land binnegaan ✓✓ (Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek, Namibië, Swaziland, Zambië en Zimbabwe) terwyl lugreismarkte daardie lande is waar ten minste 60% van inkomende toeriste per lug die land binnegaan. ✓✓ (2 × 2) (4)

(b)
- Toeriste van landreismarkte spandeer, gemiddeld, meer per dag in vergelyking met toeriste van lugreismarkte ✓✓ maar hulle gemiddelde lengte van verblyf was korter in vergelyking met toeriste van lugreismarkte. ✓✓
- Toeriste van lugreismarkte spandeer, gemiddeld, minder per dag in vergelyking met toeriste van landreismarkte maar hulle gemiddelde lengte van verblyf was langer in vergelyking met toeriste van landreismarkte. (Enige 2 × 2) (4)

**[21]**

**VRAAG 10**

10.1
- Terugvoering kan binne ŉ kort tydperk ontvang word ✓✓
- Laat toe dat onmiddellike wisseling van terugvoering kan plaasvind
- Lae koste implimentering
- Effektiewe manier om terugvoering te kry
- Meeste mense het selfone (Enige 1 × 2) (2)

10.2
- Badkamers ✓
- Toilette
- Waskamer (Enige 1 × 1) (1)

10.3
- Installeer houers waaruit toiletpapier gehaal kan word in die toilette ✓✓
- Skoonmaakpersoneel wat op ŉ gereëlde basis die badkamers nagaan en skoonmaak ✓✓
- Stuur skoonmaakpersoneel op ŉ opleidingskursus
- Plak ŉ kontrolelys op waarop daar aangedui word wanneer die vorige skoonmaker die badkamers nagegaan het of skoon gemaak het (Enige 2 × 2) (4)

10.4
- Kliënte sal tevrede wees met die higiëne van die badkamers en sal na *Jimmy's Restaurant* terugkeer ✓✓
- Kliënte sal weet dat hulle altyd by *Jimmy's Restaurant* ŉ aangename ervaring sal hê as hulle gebruik maak van die badkamers (Enige 1 × 2) (2)

**[9]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com